

# *Qua Vadis?*

**EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA**

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 132**

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# WAAROM MOET DIE FLES GEBREEK WORD?

'n Mens kan jou moeilik 'n skoner tafereel indink as wat die apostel Johannes hier teken: Maria giet 'n albastefles vol kosbare nardussalf oor die hoof, klere en voete van Jesus en buig neer om met haar hare sy voete af te droog (Johannes 12:1-11).

Waarom doen Maria dit?

Omdat sy glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Die gebreekte fles is beeld van haar gebroke hart en gees wat in 'n ware geloof oor Jesus uitgestort word.

Maar Maria doen dit ook omdat sy Jesus Christus liefhet. Laat ons dit so stel. haar geloof word in brandende liefde geopenbaar. Hoe moet ons hierdie liefde van Maria vir Jesus beskryf?

Dis 'n liefde **wat niks ontsien nie** — die salf kos 300 pennings, die volle jaarloon van 'n werker van daardie tyd.

Dis 'n liefde **wat alles feil het vir Jesus**. Die geurige, uitstralende, uitwasemende dampe van die nardus is beeld van Maria se liefde vir Jesus.

As 'n mens jou liefde só aan die Here gee, kan dit nie druppelgewys geskied nie. Nee, die fles van jou lewe moet gebreek en jou liefde moet uitgestort word oor Jesus Christus — ook jou Here en **jou God**.

## NOG DIEPER BETEKENIS

Maar Maria se daad het nog dieper betekenis.

Sonder dat sy daarvan bewus was, was sy instrument in God se hand om die lyde en sterwe van die Here Jesus in te lei. Die Heilige Gees het deur Maria gewerk om die Lam van God vir die offerande aan die kruis voor te berei. Die Here Jesus wys op die diepe betekenis van Maria se daad as Hy sê: "Laat haar staan: Sy het dit bewaar vir die dag van my begrafnis".

## JESUS IS DIE NARDUSFLES

Jesus is Gods nardusfles. Net soos die kosbare salf in die fles ingesluit is, so is die volheid van God se soekende, vergewende, saligmakende liefde in Jesus Christus opgesluit. Soos wat 'n mens deur die wande van die fles die kosbare nardus kon sien, so kon die dissipels in Jesus die liefde van God sien vir 'n verlore mensdom.

Maar wat baat nardus binne 'n fles? Die fles moet gebreek word as die inhoud iets wil beteken. Daarom moes Christus aan die kruishout gebreek word. Daarom moes Hy uitroep: "My God, my God, waarom het U MY verlaat?"

Ja, Christus moes aan die kruis as nardusfles aan skerwe gebreek word, sodat die nardus van God se liefde oor die hele aarde tot vergifnis van sondes kon stroom.

## JESUS IS DIE NARDUS

Maar Jesus is ook die nardus self. Want kyk: Sodra die nardus uitgestroom het, het dit vervlugtig. Dit het 'n ryk geur versprei — maar in die **verspreiding** van die geur het die nardus sigself **vernietig**.

So het Jesus vir jou en my gedoen: Hy het homself in die dood en die hel gegee, om ons te verlos van die heerskappy van die duiwel en om ons te bevry van die toorn van God oor ons sondes.

Maar die nardus bevat ook 'n heerlike profesie:

Die welriekende, opstygende geure van die nardus is ook sinnebeeld van die opstanding van Jesus uit die graf en van sy hemelvaart!

## **WAT WIL GOD DEUR DIE NARDUS VIR ONS SÊ?**

**Eerstens**, dat God aan die kruishout van Golgota sy eie Seun verbreek het om die nardus van sy ewige liefde oor vervloekte sondaarmense uit te stort wat in Jesus Christus glo.

As jy dit glo, is jy gered.

As jy dit verag: ("Waarvoor hierdie verkwisting?") is jy verlore.

**Tweedens**, dat mens God nie druppelsgewys moet lief hê nie, maar met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met jou hele krag (Matt. 22:37-40). Die lewensfles van jou hart moet gebreek en die nardus van jou liefde moet in gehoorsaamheid aan God uitgestort word.

As jou lewensfles nog heel is, is daar iets groot fout in jou lewe.

Bid dat God nou jou lewensfles mag verbreek — anders word dit eendag in die hel verbreek.

**Derdens**, dat ons die nardussalf ook moet uitstort oor die kop en voete van ons medemens. Op Judas se kritiek sê Jesus: "die armes het julle altyd by julle". Laat ons ons naaste liefhê soos onself (Matt. 22:39), want Christus sê: "vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen " (Matt. 25:40).

**Chris Malan.**

# "'N BANG MENS IN GETSÉMANÉ"

Deur die eeue heen het baie mense al 'n marteldood moes sterwe. Baie van hulle het kalm en bedaard, soos dit helde betaam, die dood tegemoet gegaan. Ek was self 'n getuie hoe 'n moordenaar singend die galgdood tegemoet gestap het. Die bekende Griekse wysgeer, Socrates, het lang gesprekke met sy vriende gehad toe hy gefilosofeer het oor sy komende dood, waartoe hy veroordeel is. Só het baie Christene onbevrees die brandstapel bestyg waar hulle lewend verbrand is. En mense het verstom gestaan oor hulle kalmte en selfs blymoedigheid.

Is dit dan 'n wonder dat sommige al na Jesus Christus verwys het as die "bang" of "lafhartige" Christus van die Christene? Veral in Getsémané was Hy duidelik baie bang — baie bang vir die dood. Veral hier sien ons Hom in sy groot vrees en benoudheid.

Hy het die hele vooraand — miskien tot na middernag — gepraat oor sy heengaan. Uit die verhaal kan ons weinig aflei van vrees of benoudheid oor wat vir Hom wag. En dan vertrek Hy na Getsémané. Hy stap die tuin, aan die voet van die Olyfberg, binne. Hy nooi drie van sy dissipels om saam met Hom te gaan. Hy vra hulle om op 'n bepaalde plek te wag, maar stap self alleen 'n bietjie dieper die tuin in. Daar kniel Hy neer en dan hoor en sien sy dissipels sy benoudheid. "Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie My wil nie maar U wil geskied" (Luk. 22:42). Só bid Hy.

Hierna skryf Lukas: "En toe Hy in 'n sware stryd kom, het Hy met groter inspanning gebid, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val".

Markus vertel: "En Hy sê vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak."

Oor die vraag of Hy werklik bloed gesweet het en of die skrywer net wou sê dat sy sweet letterlik 'n stroom geword het, soos die van 'n gewonde mens, wil ek nie nou redeneer nie. Een ding is wél duidelik: Jesus was baie, baie benoud in Getsémané. En ten minste drie van sy dissipels was getuies daarvan. Kan ons dit enigsins verklaar?

Ken ons die boodskap van die Bybel, dan is hierdie vreeslike benoudheid en vrees van Jesus vir ons hoegenaamd nie vreemd nie. Jesus se dood is naamlik nie maar 'n gewone dood nie. Dit is selfs nie bloot 'n pynlike marteldood nie. Dit is 'n enige of eenmalige lydensdood. Nooit vantevore het 'n mens só verskriklik gesterf nie en nooit sal dit ooit weer gebeur nie.

Agter Jesus se benoudheid moet ons die toorn van God oor die sonde van die hele mensdom sien. God se toorn teen die sonde beteken die hel, wat só geteken word: en hy sal gepynig word met vuur en swawel voor die heilige engele en voor die Lam. En die rook van hulle pyniging gaan op tot in alle ewigheid, en hulle het dag en nag geen rus nie..." (Openb. 14:10, 11).

In Getsémané neem Jesus die beker van die wyn van God se grimmigheid in sy hand — wat ongemeng ingeskink is in die beker van sy toorn (Openb. 14:10). En Hy gaan dit nou leeg drink op sy lydenspad. Waarom?

"Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor, ter wille van ons ongeregthede is Hy verbrysel; die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom" (Jes. 53 : 5).

Het u moeite met die kwaad en die nood — en u eie sonde in hierdie wêreld, dan is Jesus se benoudheid vir u 'n heerlike gebeurtenis. Dan kan u by Hom skuiling vind. "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee," sê Hy. Die groot saak is maar dat 'n mens jou eie nood moet ken en sonder reserwe jouself met al jou nood aan Hom oorgee. Hy het werklik alles gedra. U benoudheid en angs weeg hoegenaamd nie op teen wat Hy ondervind het nie — die helse benoudheid.

Sy benoudheid in Getsémané is die bewys dat Hy soos 'n wurm in die stof voor God gekruip

het. En is dit nie opmerklik nie dat Hy Homself daarna oorgee en kalm en koninklik en swyend sy pad afloop nie? Alleen, maar aan die kruis roep Hy nog: "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Godverlatenheid beteken die hel in sy verskrikking. Die mense wat Christus verwerp sal self eenmaal in die hel geheel van God verlate wees. Daar word niks meer van sy goedheid gesien nie. Dit is vir ewig nag — vir ewig sterwensnood sonder om ooit klaar te kry.

Deur Getsémané sê Jesus aan jou en my: "So lief het Ek jou!"

**Thys Booyens.**

# GOEIE VRYDAG

## DIE PAD NA GOD IS OOPGEMAAK — OOK VIR JOU!

Op Goeie Vrydag word in die Christelike kerk op besondere wyse daaraan gedink dat Christus aan die kruis gely en gesterf het.

Maar weet jy wat die betekenis van sy lyde en sterwe is?

Ek wil dit hier aan jou verduidelik aan die hand van 'n gebeurtenis wat plaasgevind het op dieselfde oomblik wat Christus gesterf het, naamlik dat die voorhangsel of gordyn in die tempel van Israel middeldeur geskeur het van bo tot onder (Mark. 15:38).

### Pad gesluit!

Aan die begin van die wêreldgeskiedenis het die mens vrye toegang tot God gehad. Toe het die sonde egter gekom en 'n afskeiding tussen God en mens tot stand gebring wat van die mens se kant af ondeurdringbaar was. En toe Israel baie jare later 'n tabernakel (tent) en tempel opgerig het, is hierdie afskeiding weergegee deur die voorhangsel wat gehang het voor die Allerheiligste.

Die Allerheiligste is gesien as 'n simboliese aardse weergawe van die hemelse woonplek van God. En die dik gordyn, die voorhangsel wat daarvoor gehang het, het aan die volk gesê dat hulle daar nie **mag** binnegaan nie en ook nie kon binnegaan nie, want wie dit wel doen, sal sterwe. Die Hoëpriester het net een maal per jaar, op die Groot Versoendag, daar ingegaan om versoening te doen vir die sondes van die volk, maar as hy die verlaat het, het die voorhangsel weer agter hom toegeval en vir die volk het dit beteken: Verbode toegang!

So was hierdie voorhangsel 'n illustrasie van die sonde wat God en mens van mekaar skei. En as die mens weer by God wou kom, was daar net een weg, en dit is dat ons sonde versoen moes word, dit wil sê, die sondeskeiding tussen God en mens moes vernietig word. Eers as dit gebeur het, kon die voorhangsel voor die Allerheiligste geskeur word om so te illustreer dat daar weer vrye toegang tot God is.

### Christus open die pad

Vir 'n gewone mens was dit onmoontlik om die sonde te oorwin sodat die voorhangsel kon skeur. Daarom het God dit self vir ons gedoen deur sy eniggebore Seun. En hoe het God dit gedoen? Die antwoord vind ons in 2 Kor. 5:11 waar gesê word: "Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak". Christus is dus tot sonde, tot 'n voorhangsel gemaak. En versoening van sonde kon nou alleen kom, as Hy verskeur word.

En hoe is Hy nie in sy bitter en smadelike lyde verskeur nie — nie net na die liggaam nie, maar veral na die gees? Geen pen kan dit ooit beskryf nie!

As Hy egter sterwe en ons vra of die prys wat Hy betaal het voldoende is, met ander woorde, of Hy genoeg verskeur is om versoening te doen vir ons sonde, sodat die sondeskeidingsmuur tussen God en ons kan wegval, dan gee God self daarop die antwoord in die tempel deurdat Hy die voorhangsel wat die Allerheiligste bedek het, *middeldeur skeur van bo tot onder*.

### Van bo tot onder:

Ja, God self het hierdie voorhangsel geskeur en geen mens nie, want dit is geskeur **van bo tot onder**. Nie van onder na bo nie, want dit kon beteken dat dit gedoen is deur 'n mens. Maar nou is dit geskeur van bo tot onder, met ander woorde, God self het hierdie daad verrig.

Hierdie geskeurde voorhangsel is dus die antwoord van God op Golgota. Dit is sy **amen** op die kruisdood van Christus. Nou is die voorhangsel nie meer nodig nie, want die skuld is

betaal, die sonde is versoen. Die liggaam van Christus is gebreek en sy bloed is vergiet tot volkome versoening van al ons sondes.

Die geskeurde voorhangsel verkondig dus aan ons: Nou is die toegang tot God weer oop! Die sondeversperring het weggeval. Ons lewe kan nou staan in die teken van: God met ons!

Hieroor moet ons jubel en bly wees: Die voorhangsel van sonde is oopgeskeur — deur God self — van bo tot onder!

### **Wat van jou?**

Maar die geskeurde voorhangsel lê ook op ons 'n dure roeping en dit is dat ons nou van hierdie weg wat Christus deur die voorhangsel van sonde heen gebaan het, die regte gebruik moet maak. Ons moet nou daardeur ingaan tot God. Ons moet nou nie meer in die sonde lewe nie, maar ons moet leef soos hulle op wie die lig van God se genade in Christus val — deur 'n geskeurde voorhangsel heen. Het jy al ingegaan?

**P. J. de Bruyn.**

# DIE WÊRELD SE BELANGRIKSTE BEGRAFNIS

Bekende en belangrike mense het gewoonlik die grootste begrafnisse.

Dikwels word die lang ry motors getel om later te vertel hoe groot die begrafnis was.

Vandag wil ek jou iets vertel van die wêreld se belangrikste begrafnis.

Die begrafnis van Jesus Christus.

Dit was sekerlik nie die wêreld se grootste begrafnis nie. Selfs die mense wat die naaste aan Jesus geleef het, was nie eers op sy begrafnis nie.

Tog was dit die wêreld se belangrikste begrafnis.

Dit het betekenis vir elke sterflike mens op aarde.

Vir elkeen wat glo .

## **Net 'n naam:**

Miskien praat jy nie graag oor die graf en die dood nie.

Dit stem jou morbid.

Maar jy kan die dood nie ontvlug nie.

Eendag gaan jy ook sterwe en begrawe word.

Op jou begrafnis word jy net 'n naam.

Iemand oor wie ander mense praat en hulle indrukke van jou as mens weergee

Maar jy verloor jou greep in hierdie tyd.

Jou persoonlikheid verloor sy krag van selfverklaring en selfvertoon.

Die graf beroof jou van jou krag in hierdie wêreld.

## **Meer as net 'n naam:**

Jesus Christus het gesterf aan die kruis en is begrawe in die tuin van Josef van Arimathéa.

Wat kan jy van Jesus Christus sê as Hy in die graf neergelê word?

Dat Hy 'n edele Menseseun was wat op tragiese wyse gesterf het?

Mooi indrukke wat by 'n begrafnis tuishoort?

Jesus Christus is meer as net 'n naam as Hy begrawe word.

Die graf ontnem Hom nie sy krag in die wêreld nie.

Hy het die graf en die dood oorwin.

Hy is die Middelaar.

Die Seun van die mens.

Wat die hoogste prys vir die sonde betaal het.

Hy het gesterf.

Werklik gesterf — daarom is Hy begrawe.

## **Pilatus oortuig:**

Miskien twyfel jy daaraan of Jesus werklik gesterf het.

Baie mense het al in kleingeloof en ongeloof en onverstand beweerd dat Jesus 'n skyndood ingegaan het en later weer sy bewussyn herwin het.

Een man was egter oortuig dat Jesus werklik dood was — Pilatus.

Hy moes doodseker wees dat Jesus werklik dood is.

Want die Rabbi van Nasaret het gesê Hy sal na drie dae opstaan.

As Jesus nie werklik dood was nie, sou sy opstanding geen betekenis hê nie.

Dit sou nie oorwinning oor die graf wees nie.

Daarom vra Pilatus vir die hoofman oor honderd of Jesus werklik dood is, voordat hy aan Josef van Arimathéa toestemming gee om Jesus se liggaam te begrawe (Mark. 15:44-45.).

Die soldate het water en bloed uit Jesus se sy sien vloei.

Uit ondervinding het hulle geweet dat Jesus gesterf het — daarom was dit nie eers nodig om sy bene te breek nie.

### **'n Ereplek:**

So word Jesus na 'n nuwe graf in die tuin van Josef van Arimathéa gedra en in die graf neergelê.

### **'n Profetewoord is vervul:**

"En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood" (Jes. 53:9).

Die skande van 'n massagraf wat gewoonlik veroordeeldes se deel was, word Jesus gespaar.

Sy graf is nie nog deel van die straf nie.

Die straf op die sonde is reeds gedra.

Jesus het gesterwe.

Daarom het Hy 'n ereplek in sy dood.

'n Nuwe graf waar nog niemand in gelê het nie.

Die Heilige van God.

Net soos van ouds, die heilige dinge op 'n nuwe wa vervoer is, of die heilige sout op 'n nuwe skaal geplaas is.

Dit is die Here wat die graf ingaan.

Die hemel wag op sy verhoging .

Jesus Christus se begrafnis neem die donker uit jou eie begrafnis weg.

Die sonde is versoen — daarvoor het Hy gesterwe.

As jy dit glo is daar vir jou ook 'n ereplek in die hemel nadat jy gesterf het.

Jy sal meer as net 'n naam wees.

Jy sal nie vergete wees nie.

Omdat jou naam in die boek van die lewe staan.

### **Kotie de Jager.**

# DIE OOP GRAF — 'N DEPOSITO

Vandag wil ek met jou praat oor daardie groot vrees wat in jou hart klop. Maar ek wil nog verder met jou gaan — ek wil ook met jou praat oor die oorwinning van daardie vrees.

Wees eerlik. Jy is bang vir die dood.

As jy so kyk na jou vrou in die krag van haar jare dan word jy bang as jy dink dat sy een of ander tyd alleen sal moet agterbly.

As jy so kyk na jou kinders dan word jy bevrees. Wie gaan hulle versorg as jy nie meer daar is nie? Wie gaan jou dogter troos as sy bang word vir die donker? En wie gaan opgewonde langs die kantlyn staan as jou seun doellyn toe nael? En dan daardie groeiende praktyk van jou. Daardie groot aantal kliënte wat so tevrede is met die dienste wat jy lewer. Sal hulle maar iemand anders moet kry om na hulle sake om te sien as jy nie meer daar is nie?

Erken dit maar. Daardie skielike brandpyn in jou bors nou die dag op die tennisbaan het jou geruk, meer geruk as wat jy wil toegee. Daardie pyn het meer aan jou gedoen as wat jy teenoor jou vrou en jou dokter wou erken. Daardie pyn het jou verder laat kyk en dink as jou gesin, jou praktyk, jou vriende. Ek wil hê dat jy moet verstaan dat God met jou besig is in hierdie kwelsaak in jou lewe. Jy moet besef dat God ook hierdie kwelling van jou op Hom geneem het toe sy Seun, Jesus Christus, opgewek is uit die dood.

Besef jy dat die troos vir jou vrees steeds lê in daardie naam uit jou kindertyd, daardie Naam waarvan jou moeder jou vertel het toe sy jou eerste gebed geleer het?

Bely dit maar — jy het daardie naam vergeet en verloën toe jy sukses begin behaal het. Die pyn in die bors was nodig om jou weer te laat onthou. Nou kom Hy na jou — dieselfde Jesus Christus van jou kindertyd. Weet jy wat het Hy met die dood gedoen? Hy het op Paassondag die graf oopgebreek en as Oorwinnaar uit die graf gestap. Hy is die Eerste, die heel Eerste wat die dood in-, deur-, en uitgegaan het. Die wat in Hom glo volg Hom dwarsdeur die dood heen. Weet jy op 'n plek word gesê dat die opstanding van Christus die pand is van ons salige opstanding. Pand beteken in die Bybel eintlik 'n deposito. Christus se opstanding is dus die deposito, die eerste paalement van die salige opstanding van hulle wat in Hom glo. Jy kan nie sonder Christus lewe nie. Jy kan ook nie sonder Christus sterwe nie. Sy opstanding is die deposito. As daardie pyn in jou bors weer kom . . . As jy een nag weer so benoud word . . . Dink dan aan Christus en sy leë graf. Hy het die deposito vir jou salige opstanding betaal.

**Cassie Venter.**

# GELOOF — WAT IS DIT EINTLIK?

Dit is 'n goeie vraag, maar dit is nie so maklik om daarop 'n antwoord te gee nie. Ons kan geloof soos volg omskrywe: Geloof is om God op sy Woord te neem. Kom, ek probeer om hierdie omskrywing met 'n voorbeeld te verduidelik. Sê nou maar jy is ongeneeslik siek en jy staan voor die keuse om een uit drie dokters te raadpleeg. Elkeen doen aan jou dieselfde belofte: "Ek gaan jou genees". Maar.. dr. A ken jy glad nie. Dr. B ken jy goed as 'n leuenaar. Daarteenoor ken jy dr. C as absoluut betroubaar. Wie gaan jou nou vertrou? Aan wie gaan jy jou toevertrou? Wie neem jy op sy woord, met ander woorde, wie glo jy? Tog seker die een wat jy as absoluut betroubaar ken? So moet jy God ook in vertroue op sy Woord neem. Dit is geloof!

En nou kan ons direk ook nog iets daarby sê, naamlik dat geloof altyd baie nugter is! Baie konkreet. Moet nooit dink dat die geloof abstrak is nie. Moet dit nooit wegskuif na geheimsinnige onwerklike sfere nie. Want dink nou maar aan Joh. 10. Daar word herhaaldelik die woord "stem" gebruik. En dan word dit duidelik dat om te glo ook is om te luister na die stem van die Here. Jy hoor sy stem en dan volg jy. Geloof is dus ook die antwoord op die Woord van God. En dit is ook gehoorsaamheid aan sy bevele wat Hy in liefde aan jou gee. Ons hoor sy stem as ons die Bybel lees en as Hy tot ons spreek in die verkondiging van die Woord op Sondag en by huisbesoek en by die siekbed. Baie nugter en konkreet. Maar nou moet ons ook 'n paar misverstande hierby uitskakel, want ons moet goed besef dat slegs die saligmakende geloof egte waarde vir ons het. 'n Mens kan immers ook op 'n verkeerde manier glo.

Daar is byvoorbeeld die historiese geloof. Dit is 'n geloof waarby net die verstand ingeskakel is. Iemand met 'n historiese geloof glo met sy verstand aan die Woord van God en hy sidder. Maar so iemand voel nooit dat hy aangespreek word deur God nie en hy voel ook nooit in sy hart aangetrokke tot God nie. So 'n geloof besit die duiwels ook (Jak. 2:19).

En dan is daar ook die tydgeloof. Die tydgelowige hoor die Woord van God en hy ontvang dit met blydskap maar dit is nie blywend nie. Na 'n tyd is dit weg. Dit het nie diep genoeg in die hart gewortel nie (Matt. 13:20 en 21). En daar is ook die wondergeloof. Dit is 'n geloof wat veral gerig is op die wonderwerke wat God doen en kan doen. Jy tref dit dikwels op die siekbed aan. Die sieke glo dat God 'n wonder sal doen en hom sal genees. Maar as hy dan gesond geword het, word God baie maklik weer vergeet en keer hy weer terug na die ou dwaalweë.

Historiese geloof, tydgeloof en wondergeloof het geen saligmakende krag nie. Saligmakende krag het slegs dié geloof wat bestaan uit kennis van die Woord van God wat gedra word deur die vertroue van die hart en waarby my hele wese betrokke is. En as jy nou vra hoe jy daardie saligmakende geloof kan kry, is daar net een antwoord: Die Heilige Gees werk hierdie geloof in jou hart deur die verkondiging van die heilige Evangelie. Daarom is dit so absoluut noodsaaklik om gereeld jou Bybel te lees en om gereeld kerk toe te gaan.

Dóén dit dan ook... met die gebed dat God die glans van die saligmakende geloof ook in jou lewe helder sal laat skyn.

**A. Lindhout.**